# GELD AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan Geld (soos omskryf) wat plaasvind in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, met dien verstande dat:

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verlies of skade wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak hoogstens die versekerde bedrae of ander spesifieke beperkings vermeld in die bylae beloop;
2. ongeag die aantal spesifieke items of beperkings waaronder 'n eis ingestel word of ingestel kan word, sal die maksimum aanspreeklikheid van die Maatskappy vir alle verliese of skade wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks volgende op of wat toegeskryf kan word aan een bron of oorspronklike oorsaak nie meer wees nie vir elke versekerde perseel as die som van die versekerde bedrae van die Geld hoofperk (soos verhoog deur enige Seisoenale perk) en Gekruiste tjeks.

## WOORDOMSKRYWINGS

**Kontant by aflewering** soos in die bylae vermeld sal beteken Geld (soos omskryf) wat deur die Versekerde of 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde ontvang is as betaling vir goedere afgelewer ten tye van sodanige aflewering van goedere tot en met:

1. sodanige Geld afgelewer is in die gebou(e) op die versekerde perseel soos in die bylae vermeld (daarna sal die Geld hoofperk van toepassing wees), of;
2. sodanige Geld in die bank gedeponeer is op dieselfde dag van ontvangs van sodanige Geld indien die Geld eers na die bank geneem word sonder dat dit eers na die perseel geneem word in óf 1 hierbo óf 3 hieronder, of;
3. sodanige Geld geneem word na enige privaat woning van die Versekerde of die Versekerde se werknemers indien sodanige Geld nie eers na die gebou(e) in 1 hierbo geneem word nie (daarna onderwyl in sodanige woning, sal die perk van "Geld terwyl in die privaat woning van die Versekerde, 'n werknemer, direkteur of vennoot in of van die besigheid" van toepassing wees, indien dit verskil).

**Klerasie** soos in die bylae vermeld sal beteken klerasie en persoonlike besittings wat nie andersins verseker is nie, wat aan die Versekerde of aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde behoort.

**Invorderaars** soos in die bylae vermeld sal beteken Geld (soos omskryf) wat deur 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde ingevorder word nadat instruksie van die Versekerde ontvang is, of dit nou amptelik deel uitmaak van sodanige werknemer se posbeskrywing, of nie (buiten "Kontant by aflewering" soos omskryf) vanaf die tyd van sodanige invordering tot en met:

1. sodanige Geld afgelewer is in die gebou(e) op die versekerde perseel soos in die bylae vermeld (daarna sal die Geld hoofperk van toepassing wees), of;
2. sodanige Geld by die bank gedeponeer is op dieselfde dag as wat sodanige Geld ontvang is indien die Geld eers na die bank geneem word sonder dat dit eers na die perseel in óf 1 hierbo óf 3 hieronder geneem word, of;
3. sodanige Geld geneem word na enige privaat woning van die Versekerde of die Versekerde se werknemers indien sodanige Geld nie eers na die gebou(e) in 1 hierbo geneem word nie (daarna onderwyl in sodanige woning, sal die perk van "Geld terwyl in die privaat woning van die Versekerde, 'n werknemer, direkteur of vennoot in of van die besigheid" van toepassing wees, indien dit verskil).

**Gekruiste tjeks** soos in die bylae vermeld sal gekruiste poswissels of gekruiste posorders insluit en enige verlies tot en met die versekerde bedrag vir gekruiste tjeks sal, onderhewig aan voorbehoudsbepaling 2 van die omskrewe gebeurtenisse, betaalbaar wees benewens enige bedrag betaalbaar deur die Maatskappy ingevolge enige ander item wat in die bylae aangedui is.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

**Geld** sal beteken kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige onderhandelbare pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, telefoonkaarte, kredietkaartstrokies en dokumente, sertifikate of ander tasbare middele van 'n verhandelbare aard, die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is.

**Geld hoofperk** soos in die bylae vermeld sal beteken alle Geld (soos omskryf):

1. Tot en met die versekerde bedrag in die gebou(e) op die versekerde perseel soos in die bylae vermeld (waarvoor nie voorsiening gemaak word nie deur enige meer spesifieke item in die bylae vir Geld op die versekerde perseel) maar verder beperk deur die beperking ten opsigte van die kluisgraderingsvoorwaarde of enige ander voorwaarde wat die versekerde bedrag beperk onderwyl by die versekerde perseel;
2. Tot en met die versekerde bedrag onderwyl in transito weg van die versekerde perseel binne die gebiede soos in die omskrewe gebeurtenisse aangedui (waarvoor nie voorsiening gemaak word of versekerbaar is nie ingevolge enige meer spesifieke item in die bylae vir Geld wat weg van die versekerde perseel is), maar verder beperk deur enige ander vermelde sekuriteitsbeperking(s) of –vereistes ten opsigte van Geld in transito. Transito van Geld wat 'n aanvang neem vanaf die versekerde perseel sal geag word om te begin wanneer die gebou(e) vermeld in die bylae verlaat word en met betrekking tot Geld in transito na die versekerde perseel sal geag word om te eindig wanneer die gebou(e) vermeld in die bylae binne gegaan word.

**Geld wat weg van die versekerde perseel geneem word op 'n sakereis** soos in die bylae vermeld sal beteken Geld (soos omskryf) in die bewaring van 'n vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde wat op 'n sakereis enige plek ter wêreld is buite die gebiedsperke soos aangedui in die Omskrewe Gebeurtenisse.

**Geld onderwyl in die privaat woning van die Versekerde, 'n werknemer, direkteur of vennoot in of van die besigheid** soos in die bylae vermeld sal beteken Geld (soos omskryf) van die besigheid onderwyl dit tydelik in sodanige wonings is met dien verstande dat die beperkinge van die SABS-kategorie kluis in die bylae aangedui onder "Geld wat in 'n gesluite brandkas of –kluis gehou word in 'n gebou op die versekerde perseel buite die ure waartydens die handelsbedrywighede van die Versekerde geskied" van toepassing sal wees op Geld in sodanige privaat woning onderwyl die Versekerde, die werknemer, direkteur of vennoot nie in die gebou is van die privaat woning waar die geld gehou word nie.

**Petroljoggies** soos in die bylae vermeld sal beteken verlies van Geld (soos omskryf) in die bewaring van of onder die beheer van alle petroljoggies onderwyl op die versekerde perseel.

**Houers** soos in die bylae vermeld sal beteken enige brandkas, -kluis, -trommel, kasregister, geldkis of ander houer vir Geld of enige frankeermasjien.

**Seisoenale perk** soos in die bylae vermeld sal beteken die tydperk (soos in die bylae gespesifiseer) waartydens die Geld hoofperk versekerde bedrag vervang word deur die versekerde bedrag soos in die bylae aangedui onder Seisoenale perk.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

## Klerasie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Benewens enige betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van Klerasie (soos omskryf) wat verloor of beskadig word weens diefstal van Geld, of poging tot diefstal van Geld.

## Uitgebreide Geldomskrywing (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrywing van Geld word uitgebrei om elektroniese monetêre fondse in die bankrekening van die Versekerde of



Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

elektroniese lugtyd waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is, in te sluit. Met dien verstande dat:

1. Verlies van elektroniese monetêre fondse en elektroniese lugtyd beperk is tot 'n vermindering van sodanige fondse as gevolg van:
   1.1 die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde wat gedwing word deur geweld of dreigement tot geweld, om sodanige fondse uit die Versekerde se bankrekening oor te plaas of om sodanige elektroniese lugtyd oor te plaas;
   1.2 diefstal van die Versekerde se bankkaarte;
   1.3 bedrieglike gebruik van die Versekerde se bankkaartnommer in samewerking met die kaart se verifikasienommer/-waarde deur 'n derdeparty om goedere te koop;
   1.4 die Versekerde se bankkaart of besonderhede wat gerepliseer word deur middel van "skimming" by 'n OTM of betaalpunt en dit gevolglik gebruik word om goedere te koop of fondse vanuit die Versekerde se bankrekening te onttrek of oor te plaas;
   1.5 die Versekerde se bankrekening, aanlyn bankfasiliteit of toegang tot sodanige elektroniese lugtyd wat deur 'n derdeparty binnegedring word;
   1.6 die bedrieglike aktiwiteit van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of persoon of persone werksaam by die Versekerde wat ontdek word binne die tydperk soos vervat in Spesifieke Uitsluiting 1 van hierdie afdeling;
   1.7 die Versekerde of 'n werknemer van die Versekerde wat deur middel van 'n slenter of skelmstreek mislei word om fondse uit die bankrekening van die Versekerde oor te plaas of om elektroniese lugtyd oor te plaas.
2. Die bedrag betaalbaar in terme van hierdie uitbreiding vir enige eis of aantal eise gedurende enige een (jaarlikse) versekeringstydperk (of twaalf opeenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum indien die polis maandeliks per debietorder betaal word), sal nie die totale versekerde bedrag wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding aangetoon is, oorskry nie.
3. Die Versekerde enige voorval soos genoem in 1 hierbo, insluited enige verlies of diefstal van 'n bankkaart, dadelik sal aanmeld by die betrokke bank of die elektroniese lugtydverskaffer en dadelik sal voldoen aan alle instruksies van die bank ten einde verdere verliese tot die minimum te beperk.
4. Die Maatskappy sal nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik wees nie vir verlies van of skade aan elektroniese monetêre fondse of elektroniese lugtyd:
   4.1 waar die Versekerde en werknemers van die Versekerde nie al die bank of elektroniese lugtydverskaffers se sekuriteitsaanbevelings en -vereistes gevolg het nie, insluitend die beskerming van die kodewoord en -nommer sowel vóór as ná enige verlies;
   4.2 indien dit van die Versekerde se bank, die elektroniese lugtydverskaffer of enige ander versekering verhaal kan word nie;
   4.3 waar daar nie streng aan voorbehoudsbepaling 3 voldoen is nie;
   4.4 wat voortspruit uit 'n gebeurtenis soos omskryf in terme van 1.7 hierbo en wat nie binne 15 werksdae na die oorplaas van sodanige fondse, ontdek word as 'n bedrieglike slenter of skelmstreek nie;
   4.5 indien die Versekerde nie erkende, betroubare en opgedateerde internetsekuriteitsagteware op die toestel geïnstalleer gehad het nie ten tye van enige oortreding soos uiteengesit onder 1.5 hierbo.

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding, sal bankkaart insluit, debiet-, krediet-, petrol- of enige ander kaarte deur die Versekerde se bank uitgereik, wat gebruik kan word om fondse vanaf die Versekerde se bankrekening te onttrek, te betaal of oor te plaas.

## Bedrieglike betaling aan die Versekerde deur middel van 'n kredietkaart (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om dekking in te sluit vir enige betaling wat deur die Versekerde ontvang is deur middel van 'n kredietkaart en wat daaropvolgend ontdek word om bedrieglik te wees, met dien verstande dat:

1. die Versekerde gepoog het om sodanige fondse van die dader en die relevante bank(e) te verhaal, maar nie suksesvol was nie;
2. die verlies en omstandighede dadelik nadat dit ontdek is, by die polisie aangemeld is;
3. die Maatskappy nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik sal wees nie vir enige bedrag wat ingevolge enige ander versekering gedek is en hierdie uitbreiding sal nie bydra saam met enige ander sodanige

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

versekering nie;

4. die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding vir enige eis of aantal eise gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk (of twaalf agtereenvolgende maande vanaf die intreedatum of hernuwingsdatum indien hierdie polis maandeliks deur middel van 'n debietorder betaal word), in totaal hoogstens die versekerde bedrag sal beloop wat in die bylae teenoor hierdie uitbreiding vermeld is.

## Persoonlike ongevalle (aanranding) (indien as ingesluit in die bylae vermeld)

Die uitdrukking "omskrewe gebeurtenisse" in die Geldafdeling word geag om liggaamlike besering in te sluit wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word as gevolg van diefstal, of enige poging daartoe, aan die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde (hierna in hierdie uitbreiding "sodanige persoon" genoem) terwyl sodanige persoon optree in die loop van sy pligte in die Versekerde se diens.

Die Maatskappy sal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel betaal aan die Versekerde die bedrag of bedrae vermeld hieronder in die geval van liggaamlike besering van enige sodanige persoon wat binne 24 kalendermaande lei tot:

1. **Dood**: die bedrag per persoon soos aangedui in die bylae;

2. **Permanente ongeskiktheid**:

   2.1 verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate: 100% van die bedrag vir dood

   2.2 permanente en algehele verlies van:

   2.2.1 die hele oog: 100 % van die bedrag vir dood

   2.2.2 sig in die oog: 100% van die bedrag vir dood

   2.2.3 sig in oog behalwe waarneming van lig: 100% van die bedrag vir dood

   2.3 permanente en algehele gehoorverlies

   2.3.1 in albei ore: 100% van die bedrag vir dood

   2.3.2 in een oor: 35% van die bedrag vir dood

   2.4 permanente en algehele spraakverlies: 100% van die bedrag vir dood

   2.5 beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen: 100% van die bedrag vir dood

   2.6 verlies van vier vingers: 80% van die bedrag vir dood

   2.7 verlies van duim of gedeelte daarvan (met dien verstande dat ten minste 'n hele falanks verloor is): 30% van die bedrag vir dood

   2.8 verlies van enige ander vinger of gedeelte daarvan (met dien verstande dat ten minste'n hele falanks verloor is): 15% van die bedrag vir dood (per vinger)

   2.9 verlies van middelhandbene: 5% van die bedrag vir dood (per middelhandbeen)

   2.10 verlies van tone:

   2.10.1 alle tone aan een voet: 35% van die bedrag vir dood

   2.10.2 per toon of gedeelte daarvan (met dien verstande dat ten minste 'n hele falanks verloor is): 7% van die bedrag vir dood (per toon)

   2.11 skending weens brandwonde van:

   2.11.1 100% van die oppervlak van die kop en nek: 75% van die bedrag vir dood

   2.11.2 100% van die oppervlak van die oorblywende dele van die liggaam behalwe die nek en gesig: 50% van die bedrag vir dood.

3. Tydelike algehele ongeskiktheid (om die gewone besigheid of beroep te behartig): die weeklikse bedrag wat in die bylae gespesifiseer is.

4. **Mediese uitgawes:** Die redelike koste aangegaan, tot hoogstens die bedrag gespesifiseer in die bylae, is betaalbaar ten opsigte van mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (met inbegrip van die koste van kunsmatige hulpmiddels en -ledemate en die koste en uitgawe wat aangegaan word vir noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) wat binne 24 maande ná die

Vir interne nakebaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

omskrewe gebeurtenis plaasvind.

Met dien verstande dat:

1. Waar 'n permanente ongeskiktheid besering nie gespesifeer word nie, betaal die Maatskappy sodanige bedrag as wat na sy mening in ooreenstemming is met die voormelde bepalings;

2. Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou;

3. 100% van die bedrag vir dood is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige sodanige persoon;

4. Die Maatskappy nie aanspreeklik is om meer as die bedrag vir Dood plus die bedrae gespesifiseer ingevolge items Tydelike algehele ongeskiktheid en Mediese Uitgawes ten opsigte van enige sodanige persoon te betaal nie;

5. Die bedrag gespesifiseer ingevolge Tydelike algehele ongeskiktheid slegs betaalbaar is vir die duur van die ongeskiktheid van sodanige persoon en nie vir langer as 104 weke nie en sodanige betaling gestaak word sodra die besering wat die ongeskiktheid veroorsaak, sover redelikerwys moontlik geheel het nieteenstaande die feit dat permanente ongeskiktheid mag voortduur;

6. Vergoeding betaalbaar ingevolge item Mediese Uitgawes word verminder met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is ingevolge enige ongevallewetgewing ten opsigte van enige behandeling waarvoor vergoeding ingevolge Mediese Uitgawes betaalbaar is;

7. Hierdie uitbreiding nie van toepassing is op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 of bó die ouderdom van 75 jaar nie;

8. Sodanige persoon nadat hy 'n liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan. Die Maatskappy is nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie tensy hierdie voorbehoudsbepaling na sy bevrediging nagekom is;

9. Algemene uitsluiting 2 en Algemene voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie uitbreiding van toepassing is nie;

10. Slegs ten opsigte van hierdie uitbreiding, Algemene uitsluiting 1 geskrap en deur die volgende vervang word:

"Hierdie uitbreiding dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand teen gesag, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

11. Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente en wat regstreeks of onregstreeks voortspruit daaruit dat sodanige persoon die slagoffer van diefstal, of enige poging daartoe, is.

12. In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die Maatskappy tevrede stel dat hy besering opgedoen het waarop hierdie Uitbreiding: Persoonlike Ongevalle (Aanranding) van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die Maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie uitbreiding verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die Maatskappy 'n betaling hieronder gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word.

## Houers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Benewens enige betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van Houers (soos omskryf) wat verloor of beskadig word as gevolg van diefstal van Geld of gepoogde diefstal van Geld.

## Houers: Slotte, sleutels en toegangskaarte (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Benewens enige betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van die koste om slotte, sleutels of toegangskaarte van enige Houer te vervang wat volg op die verdwyning van enige sleutel of toegangskaart vir sodanige Houer of nadat die Versekerde enige rede het om te vermoed dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutel of toegangskaart mag wees.

## Oproer en staking (buiten RSA en Namibië) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

Vir interne mikpunt gebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna daar in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
3. verlies of skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
4. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;
5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## Lopers

Die versekering kragtens hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom in te sluit wat veroorsaak word deur of gepaard gaan met toegang tot Houers deur middel van die gebruik van 'n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van 'n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy sal bewys dat 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies van of skade aan Geld:

1. voortspruitend uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur, persoon of persone in diens van die Versekerde wat nie binne die aantal werksdae (soos in die bylae vermeld) ná die plaasvind daarvan ontdek word nie;
2. voortspruitend uit tekort te wyte aan fout of weglating;
3. voortspruitend uit die gebruik van sleutels van enige brandkas of -kluis tensy die sleutels:
   (a) deur geweld of dreigement van geweld bekom is;
   (b) deur die sleutelhouer of sodanige ander persoon in samewerking met die sleutelhouer gebruik word en die Versekerde tot die bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat die sleutelhouer of sodanige ander persoon die sleutel gebruik het om die brandkas of -kluis oop te maak;
4. in 'n ongesluite brandkas of -kluis terwyl die deel van die perseel wat sodanige brandkas- of kluis bevat, onbewaak is, maar hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie indien tot die bevrediging van die Maatskappy bewys kan word dat die sleutelhouer van die brandkas of -kluis dit doelbewus ongesluit gelaat het met die doel om die diefstal van die Geld toe te laat;
5. nie gehou in 'n gesluite brandkas of -kluis nie terwyl die deel van die perseel wat sodanige Geld bevat, onbewaak is, maar hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie indien tot die bevrediging van die Maatskappy bewys kan word dat die persoon(e) wie se verantwoordelikheid die Geld is, dit doelbewus buite die brandkas of -kluis gelaat het met die doel om die diefstal daarvan toe te laat;
6. in enige voertuig wat deur die Versekerde gebruik word, tensy 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde inderdaad in sodanige voertuig is, of indien nie in sodanige voertuig nie, binne 10 meter daarvandaan in 'n posisie van waar die voertuig duidelik sigbaar is. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie ná 'n ongeluk, waarby sodanige voertuig betrokke is, wat die vermelde persoon onbevoeg laat.
7. ten opsigte waarvan 'n eis betaalbaar is of betaalbaar sou gewees het, as dit nie was nie vir die eerste bedrag betaalbaar of medeversekeringsklousule ingevolge die Getrouheidsafdeling van die polis of enige ander getrouheidsversekering.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Spesiale uitsluitings (3), (4), (5) en (6) is nie van toepassing op bedrae tot R3 500 nie en sodanige verliese word nie met enige eerste bedrag betaalbaar verminder nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Grondslag

Die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy is beperk tot die versekerde bedrag vermeld in die bylae en indien dit in die bylae teenoor "Grondslag" meld: "Alle geboue op die perseel", sal dit beteken dat die versekerde bedrag die maksimum bedrag betaalbaar sal wees deur die Maatskappy vir enige enkele gebeurtenis vir alle geboue tesame op die perseel en nie vir elke gebou individueel nie.

## 2. Geld wat in 'n gesluite brandkas of -kluis gehou word in 'n gebou op die versekerde perseel buite die ure waartydens die handelsbedrywighede van die Versekerde geskied

Dekking vir geld wat in 'n gesluite brandkas of -kluis gehou word wat geleë is in 'n gebou op die versekerde perseel buite die ure waartydens die handelsbedrywighede van die Versekerde geskied, word beperk tot daardie monetêre bedrae soos in die bylae teenoor enige gespesifiseerde brandkasse vermeld, en indien enige gespesifiseerde brandkluis nie aangedui is nie, tot daardie monetêre bedrae wat in die bylae langs die verskillende SABS-kategoriegraderings aangedui is. Vir die doeleindes van hierdie afdeling, sal hierdie bylae nie geag word om die polisbewoording tersyde te stel nie tot die mate waarin die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die Geld hoofperk of die Seisoenale perk oorskry nie vir die betrokke perseel nieteenstaande enige hoër bedrag aangedui langs die SABS-kluis kategorie in die bylae.

## 3. Spesiale voorwaardes van toepassing op tjeks

### Eerste bedrag betaalbaar van toepassing op diefstal van tjeks

Enige verlies of reeks verliese toeskryfbaar aan een oorspronklike gebeurtenis wat ingevolge hierdie polis betaalbaar is en wat voortspruit uit die diefstal van enige tjek of tjeks word met 'n eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae aangedui ["% van eis (tjeks wat nie voldoen aan die spesiale voorwaardes van toepassing op tjeks nie)"] verminder, tensy:

1. Tjeks getrek deur die Versekerde:

    1.1 die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande "Aanbevole Santam-prosedure vir trekking en kruising van tjeks" of enige ander beter metode goedgekeur deur Santam en die gedrukte gedeelte van die tjek (in teenstelling met die geskrewe of getikte gedeelte) gedruk is deur die bank self of 'n drukker gelisensieer deur die Outomatiese Klaringsburo om die tjeks te druk, of;

    1.2 die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos.

2 Tjeks getrek deur enige persoon buiten die Versekerde en wat deur die Versekerde deur die pos of direk by die kassier ontvang word:

    2.1 sodanige tjek onmiddellik ná ontvangs daarvan deur die Versekerde gekruis en "nie verhandelbaar nie" en "nie oordraagbaar nie" gemerk is, en

    2.2 die Versekerde in staat is om die trekker en die bedrag van die tjek uit hul rekords te identifiseer.

3 Tjeks waarvan die Versekerde die ware eienaar is en wat getrek is deur enige persoon buiten die Versekerde en wat aan die Versekerde gepos is, maar wat nie ontvang is nie

    3.1 die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande "Aanbevole Santam-prosedure vir trekking en kruising van tjeks" of enige ander beter metode goedgekeur deur Santam, of;

    3.2 die tjek per gesertifiseerde pos aan die Versekerde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos, of;

    3.3 die faktuur van die Versekerde (waarop die betaling per tjek betrekking het) 'n boodskap daarop bevat (goedgekeur deur die Maatskappy) wat aanbeveel of vereis dat die tjek getrek word in ooreenstemming met die "Aanbevole Santam-prosedure vir trekking en kruising van tjeks".

Vir intern makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# AANBEVOLE SANTAM-PROSEDURE
# Vir trekking en kruising van tjeks en druk van blankotjeks

## 1. Trekking en kruising van tjeks

Een van die veiligste metodes om 'n tjek te trek en te kruis wat vir banke aanvaarbaar is, word hieronder uiteengesit. Hierdie metode word deur Santam aanbeveel.

1.1 Skrap die voorafgedrukte woorde "of toonder". Dit beperk die moontlikheid dat die bank aan 'n toonder uitbetaal wat nie op betaling geregtig is nie.

1.2 Indien die woorde "of order" in plaas van "of toonder" op u tjek gedruk is, moet hierdie woorde ook geskrap word.

1.3 Skryf die woorde "nie oordraagbaar nie" op die voorkant van die tjek.

1.4 Kruis die tjek deur twee parallelle lyne deur die tjek te trek.

1.5 Skryf die woorde "nie verhandelbaar nie" tussen die twee parallelle lyne waarna in 14 hierbo verwys word.

1.6 Maak seker dat die begunstigde noukeurig, behoorlik en volledig beskryf is, byvoorbeeld wanneer die begunstigde 'n maatskappy is, moet die volle naam gebruik word, soos byvoorbeeld: "RH Jones (Edms) Bpk."; nie net "RH Jones" nie.

Waar die bankrekeningnommer of BK-nommer van die begunstigde bekend is, moet dit na die naam van die begunstigde ingevoeg word, soos byvoorbeeld "RH Jones (Edms.) Bpk., Mpy. Nr.: 69/123456" of "RH Jones (Edms) Bpk ABC bankrekeningnommer: 123456789".

Alhoewel dit sterk aanbeveel word, is dit nie verpligtend om die bankrekeningnommer van die begunstigde te gebruik nie.

1.7 Met trekking van die tjek moet geen spasies gelaat word wat iemand in staat sal stel om ekstra woorde of syfers by te voeg nie.

1.8 'n Voorbeeld van hierdie metode om 'n tjek te trek word as Aanhangsel A aangeheg.

1.9 Die bewoording wat in Aanhangsel B uiteengesit is, moet op die voorkant van die tjek gedruk word (sien laaste bladsy van hierdie afdeling). Maak asseblief seker dat spasie op die agterkant van die tjek gelaat word vir bankstempels en endossemente.

1.10 Al die merke op die tjek moet leesbaar en duidelik sigbaar wees. Persone wat tjeks trek moenie afkortings of ander weergawes gebruik van die terminologie wat in die voorbeeld gebruik is nie. Die woorde "nie verhandelb" en 'n kruising deur middel van 'n stempel met 'n reghoek in plaas van twee parallelle lyne is nutteloos.

1.11 Die metode waarop tjeks voltooi word moet 'n inkafdruk op die papier laat soos handskrif, 'n tikmasjien of 'n matriksdrukker. Die lint wat in die drukker/tikmasjien gebruik word moet van die tipe wees wat ink op die papier afdruk. Vermy die volgende:

1.11.1 ou linte;

1.11.2 laserdrukkers wat nie 'n afdruk op die papier laat nie;

1.11.3 die "omgekeerde druktegniek";

1.11.4 wysigbare tiklinte.

## 2 Druk van blanko tjeks

Blanko tjeks moet net deur die bank self of 'n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo gelisensieer is, gedruk word. Hierdie drukkers is bekend met die aanbevole vereistes van banke en moet slegs gebruikmaak van goedgekeurde:

2.1 sekuriteitspapier (CBS1 of beter);


2.2 sekuriteitsontwerpe;

2.3 spesiale sekuriteitsink verenigbaar met die sekuriteitspapier/-ontwerp;

2.4 metodes wat dit moeilik maak vir enigiemand om 'n voorraad blanko tjeks te maak deur die oorspronklikes te fotokopieer.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Aanhangsel A – Santam-aanbevole tjek




## Aanhangsel B – Santam-aanbevole tjek

Waarskuwing wat in die linkerkantse onderste hoek van die tjek gedruk moet word – laat genoeg spasie vir bankstempels, ens.:

## Waarskuwing

Aan die persoon wat hierdie tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang:

Indien 'n tjek van die ware eienaar gesteel of deur hom verloor is, mag u aanspreeklik word om hom vir sy verlies te vergoed indien u sodanige tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang (Artikel 81 van die Wet op Wissels, 1964).

LET WEL: HIERDIE TJEK IS GEKRUIS EN "NIE VERHANDELBAAR NIE" EN "NIE OORDRAAGBAAR NIE" GEMERK.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge